higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1550**(A)**(J3)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# TOERISTEBESTEMMINGS N5

(22030115)

**3 Junie 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Kandidate mag studenteportefeuljes wat aantekeninge, kaarte, brosjures, gidse, gevallestudies, werkopdragte, toetse EN handboeke bevat, die GSA-tydskrif, sakrekenaar en 'n atlas by die eksamenlokaal inneem.**

**Kandidate is geregtig op 15 minute leestyd.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en drie addenda van 4 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A**

AL die vrae in hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

1.1 **AFRIKA-AFDELING: KAARTWERK**

Bestudeer die kaart op BYLAE A asook jou World Travel Atlas en beantwoord die volgende vrae:

1.1.1 Gee name vir die TWEE stippellyne. (2)

1.1.2 Noem VYF Afrikalande wat die ewenaar kruis. (5)

1.1.3 Noem die DRIE mere op die grense van Tanzanië. (3)

1.1.4 Noem die grootste meer in Afrika. (1)

1.1.5 Noem AL die lande wat aan Zimbabwe grens. (5)

1.1.6 Noem die geografiese verskynsel wat 'n litteken oor die gesig van Afrika vorm' ('a scar over Africa's face'). (1)

1.1.7 Noem die hoogste berg in Afrika. (1)

1.1.8 Noem die land waar die berg, genoem in VRAAG 1.1.8, geleë is. (1)

1.1.9 In watter meer ontspring die wêreld se langste rivier, die Nyl? (1)

1.2 **INDIESE-OSEAAN-EILANDAFDELING: KAARTWERK**

Bestudeer die kaart op BYLAE A asook jou World Travel Atlas en beantwoord die vrae.

1.2.1 Wat is 'n argipel/eilandgroep ('archipelago')? (2)

1.2.2 Noem DRIE argipels/eilandgroepe ('archipelagos') wat duidelik op die kaart aangedui word. (3)

1.2.3 Wat beteken die afkorting 'Fr.' na Reunion? (1)

1.2.4 Noem EEN eilandgroep wat op en noord van die ewenaar lê? (1)

1.2.5 Verduidelik presies wat 'n atol/ringeiland ('atoll') is. (2)

1.2.6 Noem EEN eilandgroep waar mens baie atolle vind, byvoorbeeld die RAA-atol. (1)

1.2.7 Gee die name van die VIER eilande van die Comores (4)

1.2.8 Noem die eiland wat noordoos van Mauritius as deel van sy grondgebied geleë is. (1)

1.2.9 Noem die eiland wat bekend staan as die 'Bergeiland in die Indiese Oseaan' ('Mountain Island in the Indian Ocean'). (1)

1.2.10 Beskryf die presiese ligging van die Comore in verhouding tot die naburige Afrikalande, die naaste Indiese Oseaan-eilande en die toepaslike rigtings van elk. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

## VRAAG 2

### 2.1 AFRIKA-AFDELING: NAMIBIË

2.1.1 Noem die hoofstad van Namibië. (1)

2.1.2 Gee die tydsone van Namibië in die somer. (1)

2.1.3 Watter maande is die besoek om Namibië te besoek? (1)

2.1.4 Noem enige EEN meer in Namibië. (1)

2.1.5 Noem en beskryf twee kulturele besienswaardighede in die hoofstad wat in VRAAG 2.1.1 genoem is. (2 × 2) (4)

2.1.6 Noem EEN van die nasionale parke wat noord van die hoofstad geleë is. Jou World Travel Atlas kan hier nuttig wees. (1)

2.1.7 Beskryf die algemene aantrekkingskrag van drie nasionale park wat jy in VRAAG 2.1.6 gekies het, met spesifieke verwysing na die fauna en flora as geografiese kenmerke in die nasionale park. Jou World Travel Atlas kan hier nuttig wees. (6)

2.1.8 Wat is die volle naam van die internasionale lughawe in Namibië? (1)

2.1.9 Gee TWEE voorbeelde van tradisionele inkopie-items vir toeriste, met uitsluiting van vars produkte. (2)

2.1.10 Noem en beskryf EEN UNESCO Wêrelderfenisgebied in Namibië. (2)

## 2.2 INDIESE-OSEAAN-EILANDAFDELING: MADAGASKAR

2.2.1 Noem die sentrale bergplato wat langs die ruggraat van Madagaskar loop. (1)

2.2.2 Raadpleeg jou GSA.

Watter lugdienste vlieg na Madagaskar van Suid-Afrika af? Gee die lugdienste se volle name en onderskeie IATA-kodes. (4)

2.2.3 Watter primaat is endemies aan Madagaskar? (1)

2.2.4 DRIE voorbeelde van die primaat wat in VRAAG 2.2.3 genoem is. (3)

2.2.5 Noem die grootste karnivoor op die eiland. (1)

2.2.6 Noem die stad met die kode TNR. (1)

2.2.7 Gee die volle name van die internasionale lughawe wat in die stad geleë is wat in VRAAG 2.2.6 genoem word. (1)

2.2.8 Gee die ligging van die internasionale lughawe genoem in VRAAG 2.2.7 ten opsigte van afstand en rigting vanaf die stadsentrum (2)

2.2.9 Hoe ver voor is Madagaskar van Suid-Afrika wat betref tyd? (1)

2.2.10 Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.2.9. (2)

2.2.11 Wat is 'n *fady*? (2)

2.2.12 Gee EEN voorbeeld van 'n Malgassiese fady. (1)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**

**AFRIKA-AFDELING:**

Kies EEN van die volgende lande: ZAMBIË OF ZIMBABWE Beantwoord AL die vrae wat betrekking het op die land van jou keuse. Skryf die naam van die land van jou keuse in HOOFLETTERS boaan 'n nuwe bladsy. Volg die nommeringstelsel.

3.1 **ZAMBIË**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf net 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die naam van 'n reisagent in Suid-Afrika is Holidays on Air.

3.1.2 Kabwata Cultural Village is in Lusaka.

3.1.3 Die geldeenheidkode is ZKM.

3.1.4 Sinazongwe is 'n vakansiedorp aan die oewers van Meer Kariba.

3.1.5 Die gebied met koper- en kobaltmyne word die Kobaltgordel/belt genoem.

3.1.6 Die Mukuni Village is 'n klein nedersetting van sowat 1 000 Leya-mense.

3.1.7 Die Dag Hammarskjoeld Memorial is in Ndola.

3.1.8 Die Kalambo Waterval is die hoogste waterval in Afrika.

3.1.9 Namibië se Caprivi-strook vorm die noordoostelike grens.

3.1.10 Die Spoorwegmuseum is in Lusaka.

3.1.11 Kapenta is 'n wildsbok wat in Zambië voorkom.

3.1.12 Die swart lechwe is endemies aan die Bangweulu Moeraslandgebied.

3.1.13 Direkte vlugte van Suid-Afrika na Ndola Lughawe vertrek van Kaapstad en Johannesburg.

3.1.14 Eenheidsdag ('Unity Day') word op 5 Julie gevier.

3.1.15 Die e-posadres van die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger is lusaka.admin@dirco.gov.za.

3.1.16 Kasanka Nasionale Park is aan die noordekant van die Bangweulu Moerasland.

3.1.17 Een van die grootste kulturele feeste, die verskuiwing ('moving') van die Litunga, Kuombuka, vind naby Lusaka plaas.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

3.1.18 Livingstone is die politieke hoofstad van Zambië.

3.1.19 Die reistyd per trein van Lusaka na Ndola is 6 uur 30 minute.

3.1.20 Voertuie bestuur aan die linkerkant van die pad.

(20 × 1) **[20]**

**OF**

3.2 **ZIMBABWE**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-V) langs die vraagnommer (3.2.1-3.2.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.2.1 | Meer Chivero Ontspanningspark | A | derde grootste stad |
| 3.2.2 | Victoria Waterval | B | Matobo Nasionale Park |
| 3.2.3 | Heldedag ('Heroes' Day') | C | SA ambassade |
| 3.2.4 | Skakelkode | D | 11 Augustus |
| 3.2.5 | Misty Mountain | E | 4 |
| 3.2.6 | Elcombestraat | F | Troutbeck Sun |
| 3.2.7 | Bulawayo | G | Ambula Safaris & Tours |
| 3.2.8 | Berg Nyangani | H | die hoogste punt |
| 3.2.9 | Helde-akker ('Heroes' Acre') | I | 00263 |
| 3.2.10 | Manapoele | J | grenspos |
| 3.2.11 | Grootste nasionale park | K | Chizariria Nasionale Park |
| 3.2.12 | Nyanga | L | Torwa-dinastie |
| 3.2.13 | Verblyf op 'n huisboot | M | Hwange |
| 3.2.14 | Die mees afgeleë en moeilik bereikbaarste | N | Shona |
| 3.2.15 | Khami ruïnes | O | Harare |
| 3.2.16 | Taal | P | Kariba Meer |
| 3.2.17 | Plumtree | Q | tweede grootste stad |
| 3.2.18 | Groot Zimbabwe Nasionale Monument | R | Bvumba |
| 3.2.19 | Helikopterhuur | S | 12 Augustus |
| 3.2.20 | Cecil John Rhodes se graf | T | Elephant Hills Resort Hotel |
| | | U | Masvingo |
| | | V | Micllwaine-meer |

(20 × 1) **[20]**

**3.3 INDIESE-OSEAAN-EILANDAFDELING: SEYCHELLE**

3.3.1 Noem die nasionale lugdiens van Seychelle. Gee ook hierdie lugdiens se tweeletter- IATA-kode. (2)

3.3.2 Water dag/dae van die week (volle name) bied die nasionale lugdiens van Seychelle direkte vlugte van Suid-Afrika na die hoofstad? Raadpleeg jou GSA. (2)

3.3.3 Water dag/dae van die week (volle name) bied die nasionale lugdiens van Seychelle direkte vlugte van die hoofstad na Suid-Afrika? Raadpleeg jou GSA. (2)

3.3.4 Wat is die gemiddelde vliegtyd tussen Suid-Afrika en die Seychelle? Raadpleeg jou GSA. (2)

3.3.5 Gee die volle naam van vertrekstad in Suid-Afrika: JNB. (1)

3.3.6 Het Suid-Afrikaanse paspoorthouers visums nodig vir 'n kort vakansie in die Seychelle? Raadpleeg jou GSA en antwoord slegs JA of NEE. (1)

3.3.7 Beveel DRIE gesondsvoorsorgmaatreëls of inentings aan vir 'n toeris wat die Seychelle gaan besoek. Raadpleeg jou GSA. (3)

3.3.8 Beveel TWEE hotelle in die hoofstad van die Seychelle aan. Raadpleeg jou GSA. (2)

3.3.9 Noem TWEE tale wat in die Seychelle gepraat word. (2)

3.3.10 Noem DRIE items wat toeriste in die Seychelle kan koop. (3)
**[40]**

**VRAAG 4**

**AFRIKA-AFDELING:**

Kies EEN van die volgende lande: BOTSWANA OF KENIA. Beantwoord AL die vrae wat betrekking het op die land van jou keuse. Skryf die naam van die land van jou keuse in HOOFLETTERS boaan 'n nuwe bladsy. Volg die nommeringstelsel.

**BOTSWANA**

4.1 Raadpleeg die advertensie op BYLAE B: Chobe Bush Lodge, asook jou eie hulpbronne om die volgende vrae te beantwoord.

4.1.1 Waar is die Chobe Bush Lodge geleë? (3)

4.1.2 Noem die DRIE Afrikalande wat daar naby aan Botswana grens. (3)

4.1.3 Gee die IATA-lughawekode van Kasane Internasionale Lughawe. (1)

Kopiereg voorbehou 

4.1.4 Noem die dae van die week waarop 'n direkte vlug van Johannesburg na Kasane beskikbaar is. Raadpleeg jou GSA. (1)

4.1.5 Hoe lank duur die vlug (in uur en minute) as die vlug om 11:45 vertrek en om 13:30 aankom? (2)

4.1.6 Verduidelik wat 'n en-suite-kamer is. (1)

4.1.7 Hoe kan besoekers die grootste konsentrasie van olifante in die wêreld sien? (2)

4.1.8 Noem DRIE ander aktiwiteite wat aangebied word (met uitsluiting van wildritte). (3)

4.1.9 Waar kan besoekers 'n sappige buffetaandete geniet wat bestaan uit 'n voorgereg, hoofgereg en nagereg terwyl hulle op 'n plesierboot is? (2)

4.1.10 Noem EEN ander fasiliteit wat aangebied word. (1)

4.1.11 Die tariewe word in BWP en USD verskaf.

Wat is die volle naam van Botswana se geldeenheid? (1)

**OF**

**KENIA**

4.2 Raadpleeg die kaart van Kenia op BYLAE C. Identifiseer elkeen van die nommers (1-14) wat op die kaart aangedui word deur die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer te skryf met die antwoord langsaan, byvoorbeeld 15 Ewenaar.

1-5 Aangrensende lande
6-8 - Mere
9-10 Stede/Dorpe
11 - Eiland
12-16 Nasionale parke
1 - Oseaan
18 - Berg
19-20 Marine- Nasionale Parke (20)

Kopiereg voorbehou 

**INDIESE-OSEAAN-EILANDAFDELING:**

Om die Indiese-Oseaan-Eilandafdeling te beantwoord, moet jy die vrae oor ALBEI die volgende lande beantwoord: MAURITIUS EN REUNION.

4.3 **MAURITIUS**

Kies 'n woord/item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing/woord in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (4.3.1-4.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 4.3.1 | Die waterval naby Souillac | A | Grand Baie |
| 4.3.2 | Die hoofsentrum op Mauritius vir seiljagsport, waterski en seilplankry | B | die akwarium |
| | | C | Berg Limon en Berg Malartic |
| 4.3.3 | Die natuurpark aan die voet van die Moka bergreeks | D | Rochestervalle |
| 4.3.4 | Nylkrokodille word hier geteel | E | die (sentrale) Mark |
| 4.3.5 | Die strandmeer/lagune tussen Trou aux Biches en Pointe aux Piments | F | La Vanille Krokodilpark |
| | | G | Domaine Les Pailles |
| 4.3.6 | Hoogste punt op Rodrigues | H | Place Sookdeo Bissoondoyal |
| 4.3.7 | Gewilde opeluginkopiegebied in Port Louis tussen Quee—en Farguharstraat | I | Swartrivierkloog ('Black River Gorge') |
| 4.3.8 | Place d'Armes | J | Grand Bassin |
| 4.3.9 | Een van die strande op Rodrigues | K | Pointe Coton |
| | | L | Pamplemousses |
| 4.3.10 | 'n Natuurlike meer in die krater van 'n uitgewerkte vulkaan wat die Hindoes as heilig beskou | | |

(10 × 1) (10)

**EN**

4.4 **REUNION**

Kies bestemmings/besienswaardighede uit die lys wat gegee word wat pas by die volgende beskrywings:

| |
|---|
| Belle Combe; Piton des Neiges; Le Bras Sec; L'Etang Sale; Mafate; Ciloas; Remparts; Voile de la Mariee; Botaniese tuin; Brule; Piton de la Fournaise |

4.4.1 'n Uitkykpunt in die Cilaos-gebied

4.4.2 Die bergpas wat sigbaar is van Nez-de-Boeuf

4.4.3 'n Beroemde bergspa

4.4.4 Die skouspelagtige waterval naby Hell-Bourg

4.4.5 Die beginpunt van die voetpad na die Roche-Ecrite

4.4.6 Die afgesonderdste van die cirques

4.4.7 'n Rivier wat langs die weskus in die see invloei

4.4.8 Die besienswaardigheid in St Denis waar 'n verskeidenheid plantspesies besigtig kan word

4.4.9 Die hoogste punt op die eiland

4.4.10 Die strand wat bekend is vir sy vyfkilometerlange swart sand

(10 × 1) (10)
**[40]**

**VRAAG 5**

**AFRIKA-AFDELING:**

Kies EEN van die volgende lande: MAROKKO OF UGANDA OF MOSAMBIEK Beantwoord AL die vrae wat betrekking het op die land van jou keuse. Skryf die naam van die land van jou keuse in HOOFLETTERS boaan 'n nuwe bladsy. Volg die nommeringstelsel.

5.1 **MAROKKO**

Identifiseer die besienswaardigheid/bestemming wat pas by elkeen van die volgende beskrywings:

5.1.1 Die noordelikste bergreeks in die land (1)

5.1.2 Die hoogste bergpiek en die hoogte daarvan in meter (2)

5.1.3 Die rivier wat gedeeltelik aan Algerië grens (1)

5.1.4 TWEE Spaanse enklawes langs die kus (2)

5.1.5 Die streek wat byna die helfte van die land uitmaak, suid van die Drâa-rivier (1)

5.1.6 Die oase naby Zagora wat spog met 'n beroemde biblioteek (1)

5.1.7 Die skouspelagtige kloof in die Drâa-rivier (1)

5.1.8 Die antieke Universiteit in Fès (1)

5.1.9 Die stad wat bekend staan as die Pienk Stad (1)

5.1.10 Die grotte naby Kaap Spartel (1)

5.1.11 Die stad wat bekend staan as die poort na Afrika (1)

5.1.12 Die tweelingstad van Rabat (1)

5.1.13 Die seestraat tussen Marokko en Spanje (1)

5.1.14 Die belangrikste handelstad in die land (1)

5.1.15 Die Romeinse ruïnes naby Meknes (1)

5.1.16 Die grootste hawestad in die land (1)

5.1.17 Die beste ski-oord in die land (1)

5.1.18 Die beroemde motortydren wat voorheen elke jaar deur die land gestrek het (1)

**OF**

5.2 **UGANDA**

Identifiseer die besienswaardigheid/bestemming wat pas by elkeen van die volgende beskrywings:

5.2.1 Die streek (nie 'n stad of dorp nie) wat die hoogs bevolkte is (1)

5.2.2 Die gedeelte van die Nyl wat ui die Victoria Meer vloei (1)

5.2.3 Die gedeelte van die Nyl wat in die Soedan invloei (1)

5.2.4 Die tweede grootste dorp in die land (1)

5.2.5 Die belangrikste lugpoort na die land (1)

5.2.6 Die nasionale park wat 12 verskillende tipe primate huisves (1)

5.2.7 Die bergpiek op die grens met Kenia (1)

5.2.8 TWEE mere wat aan die Demokratiese Republiek van die Kongo grens (2)

5.2.9 Die meer (met uitsluiting van die Victoria Meer) wat deur die ewenaar verdeel word (1)

5.2.10 Die hoogste bergpiek en die hoogte daarvan in meter (2)

5.2.11 Die bergreeks waar die piek, genoem in VRAAG 5.2.10, geleë is (1)

5.2.12 EEN welbekende museum in die hoofstad (1)

5.2.13 EEN eiland in die Victoria Meer (1)

5.2.14 Die warmbron naby Fort Portal (1)

5.2.15 Die grootste mahoniewoud in Oos-Afrika (1)

5.2.16 TWEE bergpieke wat van Kisoro bereik kan word (2)

5.2.17 Die gedeelte van die Nyl waar mense met riviervlotte kan vaar (1)

**OF**

5.3 **MOSAMBIEK**

5.3.1 Raadpleeg jou GSA en gee die volle naam/name van EEN van die lugdienste wat direkte vlugte van Suid-Afrika na Mosambiek aanbied. (2)

5.3.2 Noem die aankomslughawe wat die meeste internasionale sakereisigers na Mosambiek gebruik. Noem ook die tweeletter-IATA-kode van hierdie lughawe. (2)

5.3.3 Wat is die gemiddelde vliegtyd van Johannesburg na die lughawe in VRAAG 5.3.2? Raadpleeg jou GSA. (2)

5.3.4 Noem die openbare vakansiedag in Junie. (2)

5.3.5 Noem die hoogste punt in Mosambiek en gee die hoogte daarvan in meter. (2)

5.3.6 Noem die geldheenheid en geldeenheidkode van Mosambiek. (2)

5.3.7 Jou kliënt wil per pad na Mosambiek reis. Verskaf aan hom 'n kort oorsig van die padtoestande. (2)

5.3.8 Noem die grootste wildreservaat in Mosambiek. (1)

5.3.9 Gee 'n kort oorsig van die nasionale park wat in VRAAG 5.3.8 geïdentifiseer is en versterk sy ligging, algemene aantrekkingskrag en besienswaardighede. (4)

5.3.10 Noem EEN reisagent wat kan help om 'n toer na Mosambiek te beplan. Raadpleeg jou GSA. (1)

5.4 **INDIESE-OSEAAN-EILANDAFDELING:**

Kies TWEE beskrywings/besienswaardighede uit KOLOM B wat pas by 'n woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-K) langs die vraagnommer (5.4.1-5.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.4.1 | MADAGASKAR | A | Die Swartrivier (Riviére Noire) |
| 5.4.2 | MAURITIUS | B | Beau Vallon-Baai |
| 5.4.3 | REUNION | C | Morné Seychellois |
| 5.5.4 | SEYCHELLE | D | Le Lac Salé |
| 5.5.5 | COMORE | E | Cirque de Mafate |
| | | F | Mohele |
| | | G | Malé |
| | | H | Seven Coloured Earths of Chamarel |
| | | I | Nosy Tanikely |
| | | J | Hell-Ville |
| | | K | Hell-Bourgh |

(5 × 4) (20)
**[40]**

**VRAAG 6**

6.1 **AFRIKA-AFDELING:**

Kies EEN van die volgende lande: MALAWI OF TANZANIA Beantwoord AL die vrae wat betrekking het op die land van jou keuse. Skryf die naam van die land van jou keuse in HOOFLETTERS boaan 'n nuwe bladsy. Volg die nommeringstelsel.

6.1.1 Beskryf die presiese ligging van die land van jou keuse deur te verwys na die land se aangrensende lande en natuurlike grense. (4)

6.1.2 Gee TWEE voorbeelde van tipiese aandenkings of geskenke wat 'n toeris in die land van jou keuse kan koop. (2)

6.1.3 Gee TWEE belangrike ekonomiese en landbou-aktiwiteite van die land van jou keuse. (2)

6.1.4 Noem en motiveer kortliks 'n besoek aan DRIE kulturele besienswaardighede in Lilongwe (as jy Malawi gekies het) of Dar-es-Salaam (as jy Tanzanië gekies het). (3 × 2) (6)

6.1.5 Noem enige DRIE buitemuurse aktiwiteite en dui aan waar 'n toeris aan hierdie aktiwiteite kan deelneem in die land van jou keuse. (3 × 2) (6)

6.2 **INDIESE-OSEAAN-EILANDAFDELING:**

Kies TWEE van die volgende Indiese-Oseaan-eilande: MALEDIVE OF COMORE OF REUNION OF MAURITIUS
Trek 'n vertikale streep in die middel van 'n nuwe bladsy. Skryf die name van die TWEE eilande van jou keuse boaan elke kolom. Behou dieselfde nommering, soos aangedui. Beantwoord AL die vrae vir beide lande.

Byvoorbeeld:

| | **FIJI** | **SAMOA** |
|---|---|---|
| 6.2.1 | | |
| 6.2.2 | | |

6.2.1 Noem die datum van 'Onafhanklikheidsdag' van die eilande van jou keuse (2)

6.2.2 Noem DRIE tradisionele items wat 'n toeris op die eilande van jou keuse kan koop. (6)

6.2.3 Identifiseer die grootste stad in die twee eilande van jou keuse. (2)

6.2.4 Noem TWEE besienswaardighede in die stad genoem in VRAAG 5.1.3. (4)


6.2.5 Noem die tydsone van die eilande van jou keuse. (2)

6.2.6 Gee TWEE voorbeelde van endemiese voëls wat mens op die eilande van jou keuse kan vind. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL 200**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A**


Lusaka
Harare
MAPUTO
TANZANIA
Dodoma
SUDAN
ETHIOPIA
SOMALIA
MADAGASCAR
Reunion (Fr)
MAURITIUS
0
Km
600
N

**BYLAE B BOTSWANA (Chobe Bush Lodge)**

Die Chobe Bush Lodge is geleë in Kasane direk op die grens van die Chobe Nasionale Park en binne 150 m van die Chobe-rivier. Vier Afrikalande (Botswana, Namibië, Zimbabwe en Zambië) ontmoet direk op ons voorstoep. Die Chobe Bush Lodge is dus 'n uitstekende poort tot die Chobe, die Victoria-waterval en die Caprivi.
Ons is baie naby die Victoria Falls Internasionale Lughawe, Livingstone Internasionale Lughawe en Kasane Internasionale Lughawe en is maklik bereikbaar met daaglikse padvervoer of huurvlugte wat al hierdie lughawens met die Chobe Bush Lodge verbind.

AIRLINK Flights between Kasane and Johannesburg

**Verblyf**

Die pronkstukakkommodasie bestaan uit 38 ruim luukse en-suite-kamers, elkeen met 'n oopplanbadklamer met sowel 'n bad as 'n stort, lugversorging, TV en 'n kluis.
Die kamers is versier in 'n moderne bosveldstyl. Kamers onder het stoepe, terwyl kamers bo balkonne het wat 'n pragtige uitsig bied oor die Chobe Nasionale Park. Daar is vier groot skesklusiewe gesinskamers wat bestaan uit twee afsonderlike slaapkamers, elkeen met sy eie en-suite-fasiliteite.
Die kamers en fasiliteite by die Chobe Bush Lodge bied verskillende uitsigte oor die Chobe Nasionale Park en die Chobe vloedvlaktes in die verte.

**Aktiwiteite**

Afgesien van baie soorte grootwild, spog die Chobe Nasionale Park met die grootste konsentrasie van olifante in Afrika, en ons wildritte en bootvaarte bied besoekers die geleentheid om hierdie merkwaardige skouspel te aanskou. As gevolg van ons fisiese ligging kan onsjyook 'n verskeidenheid ander aktiwiteite bied.

- Wildritte (soggens, smiddae, halfdag en voldag, en privaat, op versoek)
- Bootvaarte met sonsondergang
- Private huur van bote
- Daguitstappie na die Victoria Waterval
- Hengel
- Skilderagtige vliegritte
- 'Namibian Village Walk'
- Oorgrensvervoer (lug en pad)

**Fasiliteite**

**Skemerkelkkroeg en Sedudukroeg**

Twee kroeë is op die eiendom geleë en bied gaste 'n keuse tussen die Sedudu Bar, beroemd vir die ongelooflikste sonsondergange of die Cocktail Bar wat oor die Caprivi-vloedvlakte uitkyk.

**Aandetebootritte**
Eet onder die sterre aan boord van een van ons bote en omskepjyaandete in 'n onvergeetlike geleentheid. Geniet 'n sappige buffetete bestaande uit 'n voorgereg, hoofgereg en nagereg, terwyl die boot op die Chobe-rivier tussen die oewers van Botswana en Namibië vaar.
Teug aan wyn terwyljyna seekoeie en ander geluide van die Afrikabosveld luister. Geniet die ryk smake wat beïnvloed is deur plaaslike internasionale kookkuns. Dit is die ideale geleentheid om te ontspan en die unieke omgewing van Chobe saans te geniet.
Ander fasiliteite wat ons bied: Aktiwiteitsentrum – Gesondheid- en Skoonheidsalon – WiFi – Curio- en Handwerkwinkel

**<u>Tariewe</u>**
**Tariewe geldig van 1 April 2016 – 31 Maart 2017**

| **Akkommodasie en maaltydkeuse** | **BWP** | **USD** |
|---|---|---|
| SAFARIKAMERS – 38 EENHEDE IN TOTAAL | 1565 | 189 |
| GESINSKAMERS – 4 EENHEDE IN TOTAAL | 1675 | 206 |
| KONTINENTALE ONTBYT & KINDERS onder 12 jaar | 95 | 16 |
| ENGELSE ONTBYT (07:00 – 10:00) | 150 | 27 |
| MIDDAGETE | | |
| AANDETE | A la carte-middagete | |
| **Aktiwiteite** | | |
| | A la carte-aandete | |
| Wildrite (3 ure)/Parkering nie ingesluit nie | **BWP** | **USD** |
| Wildrit (3 ure)/Parkering nie ingesluit nie | 265 | 40 |
| Plesierbootvaart (3 ure)/Parkering nie ingesluit nie | 140 | 22 |
| Plesierbootvaart (3 ure)/Parkering nie ingesluit nie | 235 | 36 |
| | 110 | 18 |

**<u>Kontakadres:</u>**
POSBUS 10, Kasane, Botswana
**GPS:** S17 48 21.69 E25 08 48.68
**Tel:** (+267) 625 0 383/625 2 480
Faks: (+267) 625 0 437 E-pos reservations@chobebushlodge.com

Chobe Safari Lodge; Chobe Bush Lodge; Chobe Nasionale Park; Nata Lodge; Makgadikgadi Soutpanne; Gunns Kamp; Okavango Delta; Moremi Crossing; Okavango Delta

[Outeursreg 2016 Under One Botswana Sky. Website by WildWeb

**BYLAE C: KAART VAN KENIA**

